**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za


NUUSBRIEF 18/01 2024

Geagte Ouers/Voogde

Aan die begin van hierdie skooljaar wil ek aan elke gesin 'n wonderlike 2024 toewens en u verwelkom in die McLachlan-familie. Ek hoop ons gaan baie lekker in die nuwe jaar saam aan u kind(ers) se opvoeding op alle vlakke werk. 'n Spesiale woord van welkom aan aan ons gr. 1-leerders en al die nuwe leerders.

1. **Personeelaangeleenthede:**
    - Baie welkom aan ons nuwe personeel.
        - Me. Geraldine Strydom – Engels en Toerisme gr. 10 tot 12
        - Me. Carla Lotter – Engels gr. 7 tot 9 ; Wiskunde gr. 8 tot 9
        - Me. Hannemie Scott – Afrikaans en LO gr. 10 – 12.
        - Mnr. Francois van Zyl – FW gr. 10 – 12; NW gr. 7 – 8 (tydelik)
        - Me. Jozelle Steenkamp – Wisk gr. 10 – 12 (tydelik)
        - Mnr. Westley Esau – busbestuurder (tydelik)

    Ons vertrou dat julle baie gelukkig by McLachlan sal wees.

2. **Bedankings:**
   Tydens die vakansie was daar vanaf 9 tot 11 Januarie en vroeër 'n suksesvolle atletiekafrigtingsessie by HS McLachlan aangebied. Die sessies het daagliks twee uur geduur. Onderwysers van HS McLachlan en studente het die entoesiastiese atlete afgerig. Ons skoolhoof, personeel en buite-afrigters word bedank. Ons bedank ook die persone wat gedurende die vakansie met afrigting behulpsaam was.

   Ons spog met 'n grasgroen en goedversorgde atletiekveld. Ons wil mnr. Riaan Strydom hartlik bedank vir al sy harde werk.

3. **Weeklikse nuusbrief via e-pos:** **[Voltooi afskeurstrokies op laaste bladsy]**
   Ons versoek ALLE ouers/voogde om die verlangde inligting **WEER/EERSTE KEER** te verskaf ten einde te verseker dat die korrekte/opgedateerde inligting op die skoolsisteem is. Hierdie afskeurstrokie MOET MAANDAG, 22 JANUARIE, teruggestuur word. Ons versoek dat ALLE ouers/voogde sal reageer. Dankie by voorbaat vir u samewerking.

   Ten einde ons geleentheid te gee om al die data te verwerk, sal die elektroniese uitsending van nuusbriewe vanaf 9 Februarie plaasvind. **Tot en met dan sal u dit per hand en whatts app-groep ontvang**.

4. **Klerebank:**
   Tye vir die klerebank is as volg:
   Dinsdae en Donderdae: 14:30 – 15:00

herotel

**GEEN verkope sal gedurende ander dae en tye plaasvind nie. Slegs kontant word aanvaar tydens aankope.**

5. **<u>Skoolure op Vrydae vanaf 2 Februarie 2024</u>:**
Die skoolure op Vrydae word verleng. Vanaf Vrydag, 2 Februarie, gaan die skool om 13:20 vir graad 4- tot 12-leerders sluit en nie meer 12:40 nie. Let daarop dat die LSOB- en gr. 1- tot 3-leerders nog steeds 12:40 op Vrydae gaan verdaag.

6. **<u>Administratiewe reëlings</u>:**
Ek doen 'n vriendelike, dog ernstige beroep vir die volgende:
   - **Geen ouer/voog sal toegelaat word om gedurende skoolure net by onderwysers se klasse op te daag, sonder 'n afspraak nie.** Ouers/voogde moet die skoolsekretaresse kontak en sy sal u besonderhede aan die betrokke onderwysers deurgee om 'n afspraak met u te maak.
   - Pakkies moet asseblief duidelik gemerk wees met u kind se naam en graad op. Die vakonderwyser sal dit gedurende pouse kry en na pouse aan die kind besorg. **Geen pakkies wat by ontvangs afgelewer word, sal gedurende klastyd deur die sekretaresse aan u kind besorg word nie**

7. **<u>Finansies</u>:**
- **<u>SKOOLGELD</u>**
   - Skoolgeld beloop **R1 270,00 per maand vir 10 maande,** betaalbaar vanaf Februarie tot November. (Totaal van **R12 700,00 per jaar**)
   - Geen glyskaal vir aantal kinders
   - Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R990,00** per maand. Betaalbaar vanaf Januarie tot Desember.
   - **Jaarliks vooruit** 10% korting = **R11 430,00** (voor 31 Jan 2024)
   - Glyskaal gegrond op gesamentlike brutoinkomste van beide ouers.

  <u>Aftrekorders</u>: Indien ouers van die opsie gebruik wil maak, moet hulle asseblief die reëling met hul bank tref, en 'n afskrif aan die skool voorsien.

  Die skoolfonds is betaalbaar vanaf Februarie tot November 2024. Die eerste skoolfondsrekening vir 2024 sal aan die einde van Februarie beskikbaar wees. Ons versoek ouers vriendelik om rekenings per EFT te vereffen. Indien ouers nie oor 'n EFT-fasiliteit beskik nie, kan die skoolfonds wel kontant betaal word.

- **<u>BUSGELD</u> (per kwartaal):**

  | <u>Daaglikse roete</u> | |
  |---|---|
  | Misgund | R2 630 |
  | Louterwater | R2 350 |
  | Krakeel | R2 070 |

  Busgeld vir die eerste kwartaal is betaalbaar teen 31 Januarie 2024. Busgeld is vooruit betaalbaar en indien dit nie betaal is nie, mag die betrokke leerder nie verder van die busdiens gebruik maak nie.

- <u>Kopieerkoste</u>:
  Die kopieerkoste is R580 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2024 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterste belang. Die leerders van HS McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

herotel

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Ferreira by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 632005 |
| | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

8. **<u>Sport</u>:**

- <u>Kleuresport</u>:
  **Die KLEURESPORT VAN 2024 STREK OOR 3 DAE.**
  **<u>Donderdag, 18 Januarie 2024 :</u>**
  Die 3000m-items sal reeds Woensdagmiddag tussen 14:40 en 15:40 afgehandel word. Betrokke atlete moet betyds aanmeld soos op die program aangedui. Die aflosse vir hoërskoolatlete sal ook tydens die oefeninge gefinaliseer word. Ons doen dus 'n beroep op die atlete om die oefening by te woon.

  **<u>Kleuresport: Vrydag, 19 Januarie 2024:</u>**
  Vrydagmiddag begin die KLEURESPORT om 14:00. Ons moedig alle altlete aan om hul rooi of geel hempies aan te trek en betyds by hul items op te daag. Die middag-aandbyeenkoms sal sorg vir baie hoogtepunte aangesien ons die dag se verrigtinge met die hoërskoolaflosse afsluit.

  Slegs atlete wat aan die middag-/aandbyeenkoms deelneem, mag op Vrydag, 19 Januarie 2024, in sportdrag skool toe kom. Roetebusse vertrek na afloop van die skooldag om 12:00 (vroeër as op 'n normale Vrydag) vir leerders wat nie Vrydag deelneem nie. 'n Addisionele roetebus sal na afloop van die byeenkoms (±20:30) weer die roete ry om atlete huis toe te neem.

  Die program van die kleuresportbyeenkoms is aangheg.

  Neem asseblief kennis dat Vrydag se program nie volgens tyd sal verloop nie a.g.v. min inskrywings per item. Daar kan verwag word dat items vroeër gaan plaasvind, aangesien daar nie vir alle items inskrywings ontvang is nie. Atlete moet ± 1 uur vóór die item se tyd reeds gereed wees om deel te neem. Dit sal verseker dat ons nie te laat klaarmaak nie.

  As daar 'n baan- en velditem is wat bots, kry die baanitem voorkeur.

  **<u>Kleuresport : Saterdag, 20 Januarie 2024</u>:**
  Op Saterdag, 20 Januarie, tree die kleurspanne om 06:30 by die onderskeie punte aan. (**GEEL** – boonste koshuis in De Waalstraat; **ROOI** – voor die skool in PJ Retiefstraat) waarna die optog na die sportgrond sal plaasvind.

  Die byeenkoms begin stiptelik om 07:30 en sal rondom 12:00 afgehandel wees. Die roetebus vertrek Saterdag, 20 Januarie 2024, om **06:00 vanaf Misgund** op die roete en sal na afloop van die byeenkoms weer terug op die roete vertrek.

  Die program is aangeheg. Maak seker dat u kind weet wanneer hy/sy deelneem. Inskrywings is alreeds verlede jaar gedoen en is vandag gefinaliseer.

  Neem asseblief kennis dat dit 'n verpligte "skool-Saterdag" vir almal Is.

**SLEGS Graad 1- en 2- (0/7/8/9)** leerders mag na afloop van hul items huis toe gaan. 0/9-atlete wat aan aflosse deelneem, sal egter moet wag vir die aflosse.

Leerders moet in die korrekte sportdrag geklee wees soos hier uiteengesit:

- Swart kortbroek/McL-maroen sweetpakbroek/swart sweetpakbroek.
- McL-oefenhemp/wit ongedrukte t-hemp/McL-atletiekfrokkie/rooi of geel t-hemp.
- Tekkies en wit sokkies of kaalvoet.

Ons versoek vriendelik dat alle leerders **R10** by hul kleurgroep sal inbetaal vir voorbereiding vir die optog en baniere.

Rooi: juf. Lieshe / juf. Nicela
Geel: juf. Janine / juf. Sumari

Algemene inligting:

- Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.
- Maak seker dat u kind met sonskerm gesmeer is of pak dit in.
- Sorg dat u kind genoeg drinkwater of eetgoed het vir die lang dag.
- Ouers en ander ondersteuners is welkom om, op die sementpawiljoen, die dag saam met ons te kom geniet.

**Sportoefeninge vir die kleuresport :**

- ✓ Donderdagmiddag,18 Januarie 2024: 14:40 – 16:15
- ✓ Alle hoërskoolatlete is welkom.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit

**AFSKEURSTROKIE:**

---

**WEEKLIKSE NUUSBRIEF VIA E-POS:**

Ek ________________________________ , ouer/voog van _________________________________ in graad/grade ________ wil graag die nuusbrief per e-pos ontvang.

E-pos adres: ________________________________________________________________________________________

**[Duidelik in drukskrif asseblief.]**

HANDTEKENING: _________________________ DATUM: __________

---

herotel IGEN